



Bekendstelling van die nuwe Holstein Profit Ranking (HPR) Holstein Wins Rangorde

Die Amptelike Seleksie Indeks van SA Holstein Genootskap

Die SA Holstein Genootskap het amptelik die Holstein Wins Rangorde (HPR)vrygestel. Dit is 'n indeks wat die genetiese meriete van individuele diere vir algehele ekonomiese meriete reflekteer. Die HPR stel 'n enkele waarde daar, uitgedruk in ZAR, wat 'n indikasie gee van 'n dier se potensiële genetiese bydrae tot kuddewinsgewendheid. Hierdie indeks bide aan die boer 'n manier om genetiese vooruitgang te bereik met die doel om wins te maak. Die vloeistofindeks (HPR_F) is gebaseer op 'n betaal stelsel wat verged vir volume melk terwyl die vaste stofindeks (HPR_S) is vir betaalstelsels wat slegs vir vastestowwe (vet en proteïen) vergoed.

Die HPR was ontwikkel in 'n doktrale studie met betrokkenes van wetenskaplikes van die LNR, Universiteit van die Vrystaat en die Universiteite van Colorado State en Iowa State in die VSA. Die allernuutste statistiese modellerings-navorsing is gedoen, waarin inligting gebruik is wat vir die Suid Afrikaanse suiwelindustrie opgestel is. Dus is die indeks ook geskik vir Suid Afrikaanse toestande. Uitgebreide industriële konsultasie en streng kwaliteittoetse is deur die SA Holstein Rasverbeteringskomitee gedoen voor die indeks amptelik in gebruik geneem is.

Die HPR kombineer vyf hoof eienskappe wat 'n direkte invloed het op plaaswingsgewendheid, nl. melk volume, proteïen, vet, somatise sel telling en kalf interval. Die bydrae van elke eienskap aan die finale HPR waarde, is volgens 'n "gewigting" bereken nagelang van die relatiewe bydrae tot winsgewendheid. Ander eienskappe van ekonomiese belang, soos langslewendheid, lewendige massa, en kliniese mastitis sal binnekort by die indeks gevoeg word as deel van 'n voortgesette ontwikkelingsproses. Die indeks sal gereeld ge-evalueer word as deel van 'n voortgesette verbeterings proses om te verseker dat dit akkuraat reflekteer op tendense in die Suid Afrikaanse suiwelindustrie.

In wese word die HPR op dieselfde wyse geïnterpreteer en gebruik as BTWs vir individuele eienskappe. Die indekswaarde reflekteer jaarlikse wins per koei. Dus het 'n dier met 'n HPR van -400 die potensiaal om R400 minder by te dra tot die kudde winsgewendheid as 'n gemiddelde basis-jaarkoei (d.i. 'n gemiddelde koei gebore in 2005).

Die Holstein ras is dus nou in lyn met die res van die ontwikkelde melkbees-wêreld. 'n Instrument is wetenskaplik ontwikkel wat boere in staat stel om maklik die mees winsgewende diere te selekteer, sonder om verwarte word deur massasinligting.